

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAIN SA GRAN SA	DATUM 2018/07/16	DATUM 2018/07/13			+ - WEEK GELEDE 2018/07/09		+ - MAAND GELEDE 2018/06/18		+ - JAAR GELEDE 2017/07/17				
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data			
	Brent (\$/b)	74.68	0.38	0.5%	74.30	-3.6%	77.49	-2.2%	76.33	54.8% 48.24			
US\$: ? ZAR	13.21	-0.070	-0.5%	13.28	-1.7%	13.44	-1.3%	13.39	2.4% 12.90				
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 728.65	-30	-1.7%	R 1 758.20	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 336.64	-26	-1.1%	R 2 362.69	* CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day								
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 3 963.65	-91	-2.3%	R 4 054.92	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Jul + -12 : 00 the previous day								
Jongste CBOT prys tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)													
Corn Jul '18	332.40	-3.90	-1.2%	336.30	-5%	350.00	-8%	361.40	-19% 408.75				
Wheat Jul '18	481.40	-2.80	-0.6%	484.20	-6%	513.20	-4%	499.40	-15% 565.25				
Soybean Jul '18	816.60	-14.40	-1.7%	831.00	-7%	874.00	-10%	905.40	-20% 1021.50				
Jongste MTM-prys (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)													
SORGHUM Jul '18	3250.00	0	0.0%	3250.00	2.2%	3180.00	4.5%	3110.00	#VALUE! NA				
WMAZ SPOT	1979.00	-12	-0.6%	1991.00	-1.3%	2006.00	-3.2%	2045.00	11.4% 1777				
WMAZ Sep '18	2024.00	-14	-0.7%	2038.00	-1.9%	2064.00	-1.4%	2052.00	11.7% 1812				
YMAZ SPOT	2046.00	-16	-0.8%	2062.00	-2.5%	2099.00	-4.5%	2142.00	8.0% 1895				
YMAZ Sep '18	2105.00	-13	-0.6%	2118.00	-2.5%	2158.00	-2.8%	2166.00	8.8% 1934				
SOY 50 SPOT	4231.00	-37	-0.9%	4268.00	-1.8%	4308.00	-2.8%	4355.00	-10.4% 4720				
SOY Sep '18	4320.00	-40	-0.9%	4360.00	-1.9%	4404.00	-1.6%	4391.00	-9.9% 4795				
SUN SPOT	4558.00	-31	-0.7%	4589.00	-3.8%	4740.00	-0.9%	4598.00	-1.9% 4644				
SUN Sep '18	4661.00	-29	-0.6%	4690.00	-3.9%	4850.00	0.8%	4623.00	-2.0% 4758				
WHEAT Spot	4020.00	-3	-0.1%	4023.00	-0.4%	4037.00	1.8%	3948.00	-11.4% 4536				
WHEAT Sep '18	4097.00	1	0.0%	4096.00	0.1%	4094.00	3.0%	3976.00	0.5% 4078				
OLIESADE (US\$/ton)	2018/07/13	Bron: Oilworld			2018/07/06	2017/11/13			2016/12/12				
Soya-oil, Arg.	666				675	-1.3%	769	-13%	769	-1% 676			
Soya-pell, Arg.	382				371	3.0%	339	13%	339	4% 368			
Soybean, Brazil	398				402	-1.0%	410	-3%	410	-3% 410			
USA Runner 40/50	1360				1360	0.0%	1600	15%	1600	5% 1300			
Sun-oil, Arg.	718				715	0.4%	755	-5%	755	-10% 800			
Sun-oil, Black Sea	745				745	0.0%	750	-1%	750	-1% 750			
Sunseed,Black Sea	365				390	-6.4%	400	-9%	400	-11% 409			
Rapeseed, EU cif	416				419	-0.7%	425	2%	425	4% 399			
Palmk oil Mal, EU	860				865	-0.6%	1470	-41%	1470	-17% 1037			
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLEAE													
Soybeans: Die Amerikaanse sojaboondmark het die afgelope tyd onder druk gekom hoofsaaklik as gevolg van die handelsoorlog tussen die VSA en Sjina met die invoer tariewe wat Sjina op Amerikaanse sojabone geplaas het. Die weersomstandighede in die VSA is ook gunstig wat goeie produksie vooruitsigte vir die seisoen ondersteun. Die Amerikaanse mark wat skerp onder druk gekom het die laaste tyd het veroorsaak dat die VSA 'n baie aantreklike bestemming raak om sojabone vanaf in te voer en lande soos die EU, Vietnam, Meksiko, Thailand, Japan en Argentinië voer nou meer sojabone vanaf die VSA in. Die meeste van die Suid Amerikaanse sojabone word tans na Sjina toe uitgevoer en baie min sojabone word tans van die VSA af na Sjina toe uitgevoer. Alhoewel die internasionale sojaboondprys steeds redelik onder druk is het die sojaboondmelk prys ondersteuning gevind verlede week in beide die termyn en kontant markte met die internasionale tekort aan die sojaboondmelk in die internasionale markte. Argentinië wat die grootste uitvoerder van sojaboondmelk is het hierdie seisoen die moeilike produksieomstandighede gehad wat die sojaboon produksie skerp onder druk geplaas het en gevolglik die produksie van sojaboon meel en olie ook. Die vraag na sojaboondmelk en olie in ander bestemmings soos die VSA het ook verhoog hierdie seisoen. Plaaslik: Die plaaslike sojaboondmark het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.													
Sonneblomsaad: Die weerstoestande in groot gedeeltes van Rusland en die Oekraïne se sonneblom produserende areas was ongunstig tydens Junie en die eerste gedeelte van Julie wat die moontlikheid van 'n afwaartse aanpassing in die sonneblomsaad produksie vooruitsigte vir die seisoen vergroot. Die uitvoere ou seisoen sonneblom olie vanaf die Oekraïne is meestal in lyn met die algemene verwagting in die mark wat effens laer is as die vorige twee jaar se uitvoere. Die uitvoere na Indië en Irak is wel nog bo die hoeveelhede wat die vorige twee jaar gesien was terwyl die grootste afnames in uitvoere na die EU, Sjina en Iran gerapporteer was. Plaaslik: Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week ook meestal onder druk gekom en het laer verhandel vir die week in meeste van die kontrak maande wat tans gelys is.													
Kanola: In die internasionale kanola en raapsaad markte is daar tans gemengde fundamentele inligting met die verwagting dat die wêreld uitvoerbare voorraad verder behoort toe te neem terwyl daar erge produksie tekorte in die EU is. Die toenemende wêreld voorrade behoort egter die tekorte in die EU uit te kanselleer hierdie seisoen. Die kanola meel en olie uitvoere vanaf Kanada was egter goed in lyn met die algemene verwagtinge in die mark. Plaaslik: In die plaaslike mark is die fokus hoofsaaklik op die produksietoestande in die Weskaap. Groot gedeeltes van die Weskaap het wel reeds goeie reën ontvang wat gunstig is vir die produksie hierdie seisoen terwyl ander gedeeltes nog min reën gehad het. Die NOK se voorlopige aanplantings verslag van wintergrane word later hierdie maand bekend gemaak.													
Grondbone: Ten spye van die laer produksie vir die seisoen in Argentinië en ook in sekere van die ander groot produserende lande is die internasionale grondboonmark steeds relatief stil. In die EU is daar groot oordragvoorraad wat in Rotterdam gedra word terwyl daar ook groot oordragvoorraad in die VSA is vir die seisoen. Die verwagting is dat daar genoeg grondbone sal wees vir die seisoen in die internasionale konteks, maar die groot vraag bly egter by die kwaliteit daarvan. Aangesien daar baie kwaliteitsprobleme was in hierdie seisoen se produksie kan dit die internasionale prys van goeie kwaliteit grondbone swakker kwaliteit grondbone gestroop hierdie seisoen. Plaaslik: Dit was hierdie seisoen in die plaaslike mark ook 'n moeilike jaar vir grondbone gewees kwaliteit gewys en daar was plaaslik heelwat swakker kwaliteit grondbone gestroop hierdie seisoen.													
Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za													